

11 JUNIE

SKRIFGEDEELTE: PSALM 49 (OAV)
FOKUSGEDEELTE: PSALM 49:16-18

Rykdom is die sekerheid dat jy die eiendom van die HERE is

Die digter sing 'n lied oor die betekenis van die lewe. Dit lyk of die “waarde” *sinvol* by die ryke en *sinloos* by die arme geskryf moet word. Met die ryke gaan dit goed, met die arme sleg. Hierdie waardebepaling veroorsaak 'n magstryd om rykdom. Die armes beny die rykes. Hulle idealiseer die rykdom. Dit lei tot vrees en vergryp. Die rykes se rykdom gee vir hulle valse selfvertroue. Hulle word angstig om die sinvolheid van hulle lewe te beskerm en selfs te verhoog. Dit lei ook tot vrees en vergryp.

Nou laat die Here ons 'n verlossingswoord oor hierdie stryd hoor. Hy sê: Die betekenis van 'n mens se lewe lê nie in wat jy *besit* of *nie besit nie*. Dit lê in *besit word*. Die sinvolheid van jou lewe word nie bepaal deur dit waarvan jy eienaar is en kan word nie, máár daardeur dat jy eiendom is – gekoop met die bloed van Christus.

Die een ding wat ryk én arm oorkom – die dood – dui daarop. Almal sterf. By die dood is ons gestroop van alles. Moenie voorspoed aan rykdom koppel nie! Dit is ver van die betekenisvolheid van 'n mens se lewe af. Rykdom maak jou nie 'n grootse mens nie! Genade doen dit! God sal my siel loskoop. Hy sal my opneem in sy heerlijkheid. Dit is die sin van 'n mens se lewe – om aan God te behoort, om 'n visie te hê op die ewige lewe en om in Christus erfgenaam van die lewe te wees. Om deur die Heilige Gees getroos te kan roep, “ek behoort aan Christus en in Hom aan God” – dit is betekenisvol. Dit is geloof wat ryk maak!

Sing: Psalm 145:10, 11 (Totius)

Ds PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)